Hermanus Skaak 2017

Laerskool Hermanus is sommer baie trots op die 50 leerders wat op `n gereelde basis Vrydagmiddae na skool hul vernuf op die proef stel. Skaak word deurlopend vanaf Januarie tot November vanaf 13:00 tot 14:00 gespeel. Leerders vanaf graad 2 tot graad 7 speel vriendskaplike wedstryde in mnr. Louw se klas en word bygestaan deur die koördineerder, mnr. Louw en ouers wat op vrywillige basis help.

Laerskool Hermanus is baie dank verskuldig aan mnr. Marius van der Westhuizen, eienaar en professionele skaakafrigter van Hermanus Skaakklub. Onder sy bekwame leiding het 12 van ons leerders hierdie jaar provinsiale kleure in skaak verwerf. **Meya Snyders, dogters o/10, is as die 10de beste skaakspeler in haar ouderdomsgroep in Suid-Afrika aangewys**. Ons is sommer baie trots op hierdie blinknuwe Protea! Aragon Vosloo, (o/8), Talitha Beveridge, Mlibo Mfundisi, Stephan Naude (o/10, Handre Kruger en Kayla Smith (o/12) asook Philip Coetzee, Sebastian Kunz, Cobus Marais, Myburgh Serdyn en Sharne Kruger het tydens 2017 die geleentheid gekry om Overberg en Westelike Provinsie by die Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskappe te verteenwoordig.

Aangesien Overberg Skaak afgestig het van Boland Skaak, is Overberg nou `n volwaardige unie. Leerders wat kies om hul toernooie in die Kaap te speel, kan egter kwalifiseer om vir Westelike Provinsie gekies te word.

Verskeie vriendskaplike westryde teen ander skole is gespeel en onder die vaandel van Overberg Skaak het leerders blootstelling aan baie toernooie gekry. Laerskool Hermanus het presteer deur gereeld goue, silwer en brons medaljes by hierdie naweektoernooie los te speel. Afrigtingsklinieke is ook gehou om spelers verder op te skerp.

Laerskool Hermanus het ook hierdie jaar vir die tweede agtereenvolgende keer die jaarlike Curro Skaaktoernooi gewen! Ons glo dat skaak by ons skool net verder van krag tot krag sal gaan in die nuwe jaar.

Westelike Provinsie Skaak

Meya Snyders; Hanru Kruger; Sharné Kruger, Philip Coetzee

Overberg Skaak

Agter: Sebastiaan Kunz; Kobus Marais; Stephan Naude
Voor: Talitha Beveridge; Aragon Vosloo; Kyla Smith; Mlibo Mfundisi